PBO 930022142 NPO 049-191

Wat is vaskulêre demensie ?

Hierdie inligtingsblad sit 'n paar oorsake en simptome uiteen van vaskulêre demensie en gee 'n paar voorstelle oor hoe om die risiko daarvan om die toestand op te doen, te verminder.

Waardeur word vaskulêre demensie veroorsaak?

"If there is a blockage in the vascular system or if it is diseased, blood is prevented from reaching the brain."

Vaskulêre demensie vind plaas wanneer selle in die brein nie suurstof kry nie. 'n Netwerk bloedvate wat die vaskulêre stelsel (bloedvatstelsel) genoem word, voorsien die brein van suurstof. As daar 'n opstopping in die vaskulêre stelsel is, of as dit sieklik is, kan bloed nie die brein bereik nie. Gevolglik gaan selle in die brein dood, wat aanleiding gee tot demensie -simptome.

Blood supply to the brain

Lack of blood supply to the brain

Wat is die oorsake van vaatsiekte?

Vaatsiekte word deur etlike faktore veroorsaak. Ons lewenswyse, wat ons eet, en hoeveel ons rook en drink, het alles 'n uitwerking oor die kwessie of ons vaatsiekte sal ontwikkel of nie. Party soorte vaatsiekte is oorerflik. Mense met hoë bloeddruk, 'n hoë vlak van vette in hulle bloed en suikersiekte loop die gevaar om vaatsiekte op te doen.



Ref. z.about.com/d/alzheimers/1/o/U/-/-/-/Stroke.jpg

Beroerte en vaskulêre demensie?

Beroerte is een van die algemeenste oorsake van vaskulêre demensie. 'n Beroerte vind plaas wanneer die vloei van bloed in die brein gekeer word deur 'n bloedklont in 'n aar, of wanneer 'n aar bars.

Wanneer dit gebeur, kry die breinselle wat deur daardie bloedvat bedien word, nie suurstof nie en gaan dit dood. Hierdie skade is onomkeerbaar. Mense wat een groot beroerte het, sal dinge ondervind soos verlamming aan die een kant van die liggaam, spraak- en taalprobleme, of probleme met koördinasie en beweging. Vaskulêre demensie kan ook ontwikkel.

Beroerte en vaskulêre demensie?

Beroerte is een van die algemeenste oorsake van vaskulêre demensie. 'n Beroerte vind plaas wanneer die vloei van bloed in die brein gekeer word deur 'n bloedklont in 'n aar, of wanneer 'n aar bars.

Wanneer dit gebeur, kry die breinselle wat deur daardie bloedvat bedien word, nie suurstof nie en gaan dit dood. Hierdie skade is onomkeerbaar. Mense wat een groot beroerte het, sal dinge ondervind soos verlamming aan die een kant van die liggaam, spraak- en taalprobleme, of probleme met koördinasie en beweging. Vaskulêre demensie kan ook ontwikkel.

"Dit is deels as gevolg van hoë bloeddruk."

Binswangersiekte

Binswangersiekte is 'n seldsame vorm vn vaskulêre demensie wat veroorsaak word deur skade aan die bloedvate diep in die brein se "witstof". Dit is deels as gevolg van hoë bloeddruk.

Simptome van vaskulêre demensie

Soos die geval is met ander vorme van demensie, sal mense wat aan vaskulêre demensie ly, geheueverlies, kommunikasie-probleme en, namate die siekte vorder, 'n verlies aan fisiese vermoëns ondervind.

Daar is egter 'n paar unieke simptome van vaskulêre demensie.

- Omdat vaskulêre demensie spesifieke dele van die brein kan aantas, sal sekere vermoëns moontlik relatief onaangetas bly.
- Dit is in teenstelling met Alzheimer se siekte, byvoorbeeld, waar die siekte die hele brein affekteer.
- Party mense wat vaskulêre demensie het, let dalk op dat hulle simptome 'n ruk lank konstant bly en dan skielik vererger. In mense met Alzheimer se siekte is die agteruitgang meer konstant.
- Mense met vaskulêre demensie verstaan dalk wat met hulle gebeur.

Dit kan daartoe lei dat hulle geneig is tot depressie.

Diagnose

Dit kan moeilik wees om te diagnoseer of iemand Alzheimer se siekte of vaskulêre demensie het. Dit is ook moontlik om albei vorme van demensie te hê.

Nuwe tegnologie maak die diagnose makliker. Breinbeeldvormings tegnieke kan onthul of areas van die brein weens beroerte beskadig is, wat 'n aanduiding van vaskulêre demensie is. Maar waar daar geen bewys is van 'n beroerte nie, word dit oor die algemeen as Alzheimer se siekte gediagnoseer. Dit is belangrik om te besef dat ander vaskulêre siektes ook dié demensie kan veroorsaak.

"Dit kan daartoe lei dat hulle geneig is tot depressie."

Dit is baie belangrik dat die soort demensie geïdentifiseer word omdat die behandelings vir Alzheimer se siekte en vaskulêre demensie heeltemal anders is.

Behandeling en voorkoming van vaskulêre demensie

Ongelukkig is daar geen manier om die breinskade ongedaan te maak nadat dit plaasgevind het nie. Maar afhangende van die graad van die skade, is dit moontlik om met die regte behandeling die erns van die agteruitgang te beperk of te vertraag. Die belangrike ding is om verdere skade te verhoed.

Mense wat met vaskulêre demensie gediagnoseer is, sal behandel word vir die siekte wat tot die gestremdheid gelei het. Byvoorbeeld, hoë bloeddruk kan deur dieet en lewenswyse, sowel as medisyne, beheer word. Daar sal vir mense wat die risiko van 'n beroerte loop, moontlik medisyne voorgeskryf word wat die bloed verdun om te keer dat verdere bloedklonte vorm.

Wat die belangrikste is, is dat ons weet dat dit moontlik is om die risiko om vaskulêre demensie te ontwikkel, te verminder.

Mense wat 'n dieet het wat hoog in versadigde vette is, wat rook of nie oefen nie, loop 'n groter risiko om 'n beroerte te kry.

Mense wat hoë bloeddruk het, moet hulle algemene praktisyn vra om dit noukeurig te monitor.

Jy kan jou risiko van hoë bloeddruk, beroerte en vaskulêre demensie verminder deur:

- Nie te rook nie
- Matige hoeveelhede alkohol te drink
- Jou inname van sout en versadigde vet te verminder
- Gereeld te oefen
- Ten minste eenkeer per jaar na 'n algemene praktisyn toe te gaan om jou bloeddruk te toets
- Jou bloedvetvlakke deur jou algemene praktisyn getoets te laat word

.

Aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Kontak:

Tel: (021) 421 0077/78
Email: info@dementiasa.org
Or support@dementiasa.org

3rd Floor,
State House,
3 Rose Street,
Cape Town

P.O. Box 16421
Vlaeberg
8018

DEMENTIASA
managing alzheimer's and dementia care

www.dementiasa.org